

SKRIFGEDEELTE: 1 KONINGS 20:8-22

FOKUSGEDEELTE: 1 KONINGS 20:13, 14

Agab – Die Here is God van alle mense

Agab se goddeloosheid het geen perke geken nie. In 1 Konings 16:33 word gesê “hy het meer gedoen om die Here die God van Israel te tart as al die konings van Israel voor hom”. Boonop het hy ook nog met die fanatieke heiden, Isebel, die dogter van Et-Baäl, die koning van die Sidoniërs, getrou. Sy het beslis die broek in die paleis gedra. Onder haar invloed het Agab die Baäldiens ingevoer. Sy het ook die profete van die Here doodgemaak. Obadja, die paleisopsigter, kon wel honderd profete in grotte wegsteek en van kos en water voorsien.

Agab en Isebel het hulle glad nie aan God gesteur nie. Al teken dat hulle van die God van Israel geweet het, was dat hulle hul drie kinders se name met die naam van die Here saamgestel het. Hy wou miskien so probeer om die diens van die Here en dié van Baäl te verenig. Tog het Agab hom nie bekeer toe dit op Karmel baie duidelik uitgewys is dat die afgode nikswerd is en die God van Israel almagtig is nie. Hy het die goddelose Agab gebly.

Dan, ondanks al Agab se boosheid, sien ons dat die Here steeds genade aan Agab betoon deurdat Hy vir Agab laat weet dat hy Ben-Hadad, koning van Aram, kan aanval. Die Here sal die oorwinning gee, “*dan* sal jy beseft dat Ek die Here is” (20:13). Agab het gehoorsaam gedoen wat die Here beveel het. Die oorwinning is behaal, maar geen bekering het plaasgevind nie. ’n Jaar later het Ben-Hadad weer aangeval. Weer het die Here gesê Hy sal die oorwinning skenk. Weer het dit gebeur. Steeds geen bekering nie.

Wat sien ons hier gebeur? ¹ Die Here hou nie op om God te wees as jy Hom nie as jou God erken nie. Hy regeer steeds oor alles en almal. ² As die Heilige Gees nie in die mens die geloof werk nie, sal jy nie kan glo nie. ³ As die Here steeds bereid was om Hom aan Agab as die ware God te openbaar, waarom sal Hy my nie ook elke dag in sy genade bystaan en lei as die ware God nie? ⁴ Agab het hom wel nie tot God bekeer nie, maar in Psalm 51:19 bely Dawid: “U sal ’n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God.”

Ons weet: in Christus is God se genade vir ons genoeg. Daarom kan ons met vrymoedigheid tot God nader, al is ons vuil en vol sonde. Hy sal ons as sy kinders versorg.

Sing: Psalm 51:1, 8

Ds. AB (Braam) van der Walt (Lichtenburg)